A r o s

# AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## JAARBOEKINLIGTING 2027

### 1. Baccalaureus Educationis in Intermediêre Fase (SAKO-nr. 97189)

***Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe***

Hierdie fase strek van graad 4 tot 6, maar graad 7 word ook aangebied as deel van die Intermediêre Fase. Die program fokus op vakinhoude (soos wiskunde, tale, natuurwetenskappe en sosiale wetenskappe), onderrigmetodes, leerderontwikkeling, assessering en klaskamerbestuur, asook praktiese onderwyservaring in skole. Ná voltooiing kan graduandi as professionele opvoeders by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) registreer en in openbare of onafhanklike skole onderrig gee.

**Kwalifikasie-inligting**

- Minimumvoorvereiste: Nasionale Senior Sertifikaat met baccalaureusgraadtoelating
- NKR-vlak: 7
- Minimum tydperk: 4 jaar
- Verlengde program: 6 jaar
- Aros-toelatingspunt: 600

**Metode van aanbieding**

- Die kurrikulum word deur middel van afstandsonderrig aangebied. Die lesings word weekliks op e-Klas (Aros se amptelike aanlyn leerplatform) beskikbaar gestel.
- Addisionele ondersteuning word deur middel van interaktiewe aanlyn sessies gebied. Tydens hierdie sessies kan u vrae aan dosente stel en verdere toeligting ontvang. Die sessies word opgeneem en word later op e-Klas vir besigtiging beskikbaar gestel.
- Dosente en assistente is beskikbaar vir konsultasies via e-pos, aanlyn of op kampus.
- Toetse en eksamens word aanlyn afgelê (Maandag tot Saterdag: tydens die dag of vroegaand). Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

**Koste per jaar in 2027**

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2027)
- Klasgeld: R47 430.00
- Handboekkoste (ongeveer): R7 500.00

**Beskikbare kurrikulums**

**O213P Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe**

**Spesifieke voorvereistes**

- Afrikaans Huistaal 50% / Afrikaans Eerste Addisionele Taal 50%

- Engels Eerste Addisionele Taal 50% / Engels Huistaal 50%

**Vereistes vir studente met 'n Senior Sertifikaat (voor 2008)**

- Universiteitstoelating
- Indien die student nie universiteitstoelating ontvang het nie, is 'n taal op HG 'n vereiste en nie minder nie as vier E's op HG of SG (nie LG nie). Aros doen aansoek vir die student by USAf vir voorwaardelike toelating tot graadstudie.
- Studente wat die Wiskunde en Natuurwetenskappe-kurrikulums (O210P en O212P) wil volg, moet vir Wiskunde SG 'n E-simbool behaal het.

**Onderwyspraktyk**

Onderwyspraktyk is die praktiese gedeelte van die kwalifikasie waartydens studente tydens vasgestelde periodes hul onderwyspraktyk-tydperke in die Republiek van Suid-Afrika voltooi. Studente word deur Aros-personeel by skole gemonitor en geassesseer soos wat die infrastruktuur van die betrokke departement dit toelaat. Aros het 'n lys van goedgekeurde skole wat aan die vereistes vir praktiese onderwys, volgens die riglyne van die regulatoriese liggame, voldoen. Studente mag skole voorstel wat nie op die lys is nie. Aros sal dan bepaal of die skole aan die riglyne van die regulatoriese liggame voldoen. Studente word in samewerking met Aros vir die onderwyspraktyk-tydperke by skole geplaas.

Volgens die vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding word daar aanbeveel dat studente tydens hul opleiding van vier jaar vir bepaalde tye praktiese ondervinding by 'n verskeidenheid laerskole in die Intermediêre Fase opdoen. Aros help om studente tydens die onderwyspraktyk-tydperke by skole te plaas. Dit geld vir werkende sowel as niewerkende studente. Studente moet by SARO geregistreer wees (verpligtend) voordat hulle onderwyspraktyk-tydperke mag voltooi.

Let asb. op die volgende:

- Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal deur 'n tydperk van drie aaneenlopende weke te voltooi.
- Tweedejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk in die tweede en derde skoolkwartaal.
- Derdejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk in die tweede en derde skoolkwartaal.
- Vierdejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk in die tweede en derde skoolkwartaal.

Die volgende sertifikate is 'n vereiste vir die suksesvolle verwerwing van die volgende praktiese modules: PRAK232, PRAK332 en PRAK432. Studente sal bewys moet lewer dat hierdie sertifikate behaal is alvorens die module geslaag kan word.

**PRAK122**

Geen

**PRAK232**

'n Afrigtingsertifikaat (van 'n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in 'n skoolsport

**PRAK332**

Studente kan kies tussen EEN van die volgende:

- 'n tweede afrigtingsertifikaat (van 'n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in 'n skoolsport

- ’n kulturele aktiwiteit (koor- of sangafrigting, drama of ander relevante opleiding in die aanbieding van kulturele skoolaktiwiteite)
- ‘n erkende hulpverleningskursus soos Mind Moves Institute se leerversterking-werkswinkels

**PRAK432**

Noodhulpsertifikaat (vlak 1)

**PRAK122**

Geen

**PRAK232**

’n Afrigtingsertifikaat (van ‘n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in ‘n skoolsport

**PRAK332**

’n Keuse tussen EEN van die volgende:

- ’n tweede afrigtingsertifikaat (van ‘n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in ‘n skoolsport;
- ’n kulturele aktiwiteit (koor- of sangafrigting, drama of ander relevante opleiding in die aanbieding van kulturele skoolaktiwiteite); en
- ‘n erkende hulpverleningskursus soos Mind Moves Institute se leeropkikker-werkswinkels.

**PRAK432**

Noodhulpsertifikaat (vlak 1)

**Kwalifikasie met onderskeiding**

’n Student wat ‘n gemiddeld van 75% oor al die kern- en elektiewe modules van akademiese jaar 2, 3 en 4 behaal het, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

’n Student wat vanaf ‘n ander tersiêre instelling na Aros oorgeskakel het, moet ten minste 50% van hierdie program geslaag het, insluitende RELS111, BYBK121, BYBK211, BYBK221, BYBK311, BYBK321 en BYBK411 of WBSL111, OTOB121, OTOB211, NTOB221 en NTOB311. Ten einde ’n onderskeiding (cum laude) te behaal, moes die student ‘n gemiddeld van 75% oor al die kern- en elektiewe modules van jaarvlak 2, 3 en 4 behaal het.

**Vereistes vir Engels as taal van onderrig en leer**

**O212P en O213P**

70% of meer vir [Begripsassesseringpunt+skryfassesseringspunt +mondelingsassesseringspunt]/3.

Bogenoemde assesserings sal apart van enige modules geskied en sal aan die einde van die finale jaar afgeneem word.

**Programuitkomste**

Ná die voltooiing van hierdie program is dit Aros se verwagting dat ‘n gegradueerde oor die volgende eienskappe en vaardighede sal beskik:

- pas behoorlike leierskap en innoverende praktyke in die konteks van die onderwysprofessie toe;
- toon die vereiste kennis ten einde kinders met die toepaslike waardes, vaardighede en

kennis toe te rus wat vir hul ontwikkelingsvlak geskik is;
- toon bevoegdheid in die onderrig van Intermediêre Fase-leerders en leerders in die eerste jaar van die Senior Fase;
- bied grondige en gespesialiseerde opvoedkundige en teoretiese vakkennis en vaardighede betroubaar en samehangend aan en gee dit weer deur die gebruik van akademiese en professionele konvensies wat paslik is vir die kwalifikasie;
- evalueer prestasie aan die hand van bepaalde kriteria;
- pas basiese navorsingsbeginsels toe en beoefen lewenslange leer; en
- toon die vermoë om doeltreffend in 'n span te werk.

## Kurrikulums

### O213P Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | AKAG136 | 6 | 5 | AKAG136 | 6 | 5 | | | | | | |
| | EGKI111 | 6 | 5 | | | | | | | | | |
| Kern | OWRR113 | 12 | 5 | DIDA113 | 12 | 5 | ONBS123 | 12 | 5 | OPVS123 | 12 | 6 |
| | WBSL112 | 6 | 5 | | | | | | | OTOB122 | 6 | 6 |
| Elektief | PRAK122 | 1 | 5 | AFRO112 | 6 | 5 | ENGT122 | 6 | 5 | LVON122 | 6 | 5 |
| | WISO111 | 6 | 5 | PRAK122 | 1 | 5 | IEBW121 | 6 | 5 | PRAK122 | 1 | 5 |
| | | | | WTEG111 | 6 | 5 | IWIS111 | 6 | 5 | SWET122 | 6 | 5 |
| | | | | | | | PRAK122 | 9 | 5 | | | |
| | | **37** | | | **31** | | | **39** | | | **31** | |
| **Jaar 2** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | | | | | | | SEPE223 | 3 | 5 | SEPE223 | 3 | 5 |
| Kern | OPVS213 | 12 | 6 | ASSE213 | 12 | 6 | NTOB222 | 6 | 6 | OPVS223 | 12 | 6 |
| | | | | OTOB212 | 6 | 6 | | | | | | |
| Elektief | AFRO212 | 6 | 6 | ENGT212 | 6 | 6 | ENGT222 | 6 | 6 | AFRO222 | 6 | 6 |
| | PRAK232 | 1 | 6 | LVON212 | 6 | 5 | PRAK232 | 11 | 6 | LVON222 | 6 | 6 |
| | SWET212 | 6 | 6 | PRAK232 | 11 | 6 | SWET222 | 6 | 6 | PRAK232 | 1 | 6 |
| | | **25** | | | **41** | | | **32** | | | **28** | |
| **Jaar 3** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | LOND313 | 12 | 6 | NTOB312 | 6 | 6 | KURS323 | 12 | 6 | ONSA322 | 6 | 6 |
| Elektief | AFRO312 | 6 | 6 | ENGT311 | 6 | 6 | AFRO322 | 6 | 6 | ENGT321 | 6 | 6 |
| | LVON312 | 6 | 6 | PRAK332 | 11 | 6 | LVON322 | 6 | 6 | PRAK332 | 1 | 6 |
| | PRAK332 | 1 | 6 | SWET312 | 6 | 6 | PRAK332 | 11 | 6 | SWET322 | 6 | 6 |
| | | **25** | | | **29** | | | **35** | | | **19** | |
| **Jaar 4** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | FILO413 | 12 | 7 | INAV411 | 6 | 7 | LOND422 | 12 | 7 | FILO421 | 12 | 7 |
| | INAV411 | 6 | 7 | | | | | | | | | |
| Elektief | ENGT412 | 6 | 7 | AFRO412 | 8 | 7 | ENGT422 | 6 | 7 | AFRO422 | 8 | 7 |
| | PRAK432 | 1 | 7 | LVON412 | 8 | 7 | PRAK432 | 11 | 7 | LVON422 | 8 | 7 |
| | SWET412 | 8 | 7 | PRAK432 | 11 | 7 | SWET422 | 8 | 7 | PRAK432 | 1 | 7 |
| | | **33** | | | **33** | | | **37** | | | **29** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **504** | | | | | | | | | | |

## O213P Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe (Voorbeeld van verlengde kurrikulum)

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | AKAG136 | 6 | 5 | AKAG136 | 6 | 5 | | | | | | |
| | EGKI111 | 6 | 5 | | | | | | | | | |
| Kern | OWRR113 | 12 | 5 | | | | ONBS123 | 12 | 5 | OPVS123 | 12 | 6 |
| | | | | | | | | | | OTOB122 | 6 | 6 |
| Elektief | PRAK122 | 1 | 5 | AFRO112 | 6 | 5 | IWIS111 | 6 | 5 | LVON122 | 6 | 5 |
| | | | | PRAK122 | 1 | 5 | PRAK122 | 9 | 5 | PRAK122 | 1 | 5 |
| | | **25** | | | **13** | | | **27** | | | **25** | |
| **Jaar 2** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | | | | | | | SEPE223 | 3 | 5 | SEPE223 | 3 | 5 |
| Kern | WBSL112 | 6 | 5 | ASSE213 | 12 | 6 | | | | | | |
| | | | | DIDA113 | 12 | 5 | | | | | | |
| | | | | OTOB212 | 6 | 6 | | | | | | |
| Elektief | WISO111 | 6 | 5 | WTEG111 | 6 | 5 | ENGT122 | 6 | 5 | AFRO222 | 6 | 6 |
| | | | | | | | IEBW121 | 6 | 5 | SWET122 | 6 | 5 |
| | | **12** | | | **36** | | | **15** | | | **15** | |
| **Jaar 3** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | OPVS213 | 12 | 6 | | | | NTOB222 | 6 | 6 | OPVS223 | 12 | 6 |
| Elektief | AFRO212 | 6 | 6 | ENGT212 | 6 | 6 | ENGT222 | 6 | 6 | LVON222 | 6 | 6 |
| | PRAK232 | 1 | 6 | LVON212 | 6 | 5 | PRAK232 | 11 | 6 | PRAK232 | 1 | 6 |
| | SWET212 | 6 | 6 | PRAK232 | 11 | 6 | SWET222 | 6 | 6 | | | |
| | | **25** | | | **23** | | | **29** | | | **19** | |
| **Jaar 4** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | LOND313 | 12 | 6 | NTOB312 | 6 | 6 | KURS323 | 12 | 6 | ONSA322 | 6 | 6 |
| Elektief | AFRO312 | 6 | 6 | ENGT311 | 6 | 6 | AFRO322 | 6 | 6 | ENGT321 | 6 | 6 |
| | LVON312 | 6 | 6 | | | | | | | | | |
| | | **24** | | | **12** | | | **18** | | | **12** | |
| **Jaar 5** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | FILO413 | 12 | 7 | | | | LOND422 | 12 | 7 | | | |
| Elektief | ENGT412 | 6 | 7 | AFRO412 | 8 | 7 | ENGT422 | 6 | 7 | PRAK332 | 1 | 6 |
| | PRAK332 | 1 | 6 | PRAK332 | 11 | 6 | LVON322 | 6 | 6 | SWET322 | 6 | 6 |
| | | | | SWET312 | 6 | 6 | PRAK332 | 11 | 6 | | | |
| | | **19** | | | **25** | | | **35** | | | **7** | |
| **Jaar 6** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | INAV411 | 6 | 7 | INAV411 | 6 | 7 | | | | FILO421 | 12 | 7 |
| Elektief | PRAK432 | 1 | 7 | LVON412 | 8 | 7 | PRAK432 | 11 | 7 | AFRO422 | 8 | 7 |
| | SWET412 | 8 | 7 | PRAK432 | 11 | 7 | SWET422 | 8 | 7 | LVON422 | 8 | 7 |
| | | | | | | | | | | PRAK432 | 1 | 7 |
| | | **15** | | | **25** | | | **19** | | | **29** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **504** | | | | | | | | | | |

## Modules en voorvereistes

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| AFRL112 | Afrikaans Lees | 5 | 2 | | | |
| AFRO111 | Afrikaans Huistaalonderrig 1 | 5 | 8 | | | |
| AFRO112 | Afrikaans Huistaalonderrig 1 | 5 | 6 | | | |
| AFRO211 | Afrikaans Huistaalonderrig 2A | 6 | 8 | | | |
| AFRO212 | Afrikaans Huistaalonderrig 2A | 6 | 6 | | | |
| AFRO221 | Afrikaans Huistaalonderrig 2B | 6 | 8 | | | |
| AFRO222 | Afrikaans Huistaalonderrig 2B | 6 | 6 | | | |
| AFRO311 | Afrikaans Huistaalonderrig 3A | 6 | 8 | | | |
| AFRO312 | Afrikaans Huistaalonderrig 3A | 6 | 6 | | | |
| AFRO321 | Afrikaans Huistaalonderrig 3B | 6 | 8 | | | |
| AFRO322 | Afrikaans Huistaalonderrig 3B | 6 | 6 | | | |
| AFRO412 | Afrikaans Huistaalonderrig 4A | 7 | 8 | | | |
| AFRO422 | Afrikaans Huistaalonderrig 4B | 7 | 8 | | | |
| AKAG112 | Akademiese Geletterdheid | 5 | 4 | | | |
| AKAG136 | Akademiese geletterdheid | 5 | 12 | | | |
| ASSE211 | Assessering | 6 | 12 | | | |
| ASSE213 | Assessering | 6 | 12 | | | |
| BYBK121 | Bybelkunde 1 | 5 | 6 | | | |
| BYBK211 | Bybelkunde 2A | 6 | 6 | | | |
| BYBK221 | Bybelkunde 2B | 6 | 6 | | | |
| BYBK311 | Bybelkunde 3A | 6 | 6 | | | |
| BYBK321 | Bybelkunde 3B | 6 | 6 | | | |
| BYBK411 | Bybelkunde 4 | 7 | 6 | | | |
| DIDA111 | Didaktiek | 5 | 12 | | | |
| DIDA113 | Didaktiek | 5 | 12 | | | |
| EGKI111 | Etiese Gebruik van Kunsmatige Intelligensie | 5 | 6 | | | |
| ENGT121 | English First Additional Language Teaching 1 | 5 | 6 | | | |
| ENGT122 | English First Additional Language Teaching 1 | 5 | 6 | | | |
| ENGT211 | English First Additional Language Teaching 2A | 6 | 6 | | | |
| ENGT212 | English First Additional Language Teaching 2A | 6 | 6 | | | |
| ENGT221 | English First Additional Language Teaching 2B | 6 | 6 | | | |
| ENGT222 | English First Additional Language Teaching 2B | 6 | 6 | | | |
| ENGT311 | English First Additional Language Teaching 3A | 6 | 6 | | | |
| ENGT321 | English First Additional Language Teaching 3B | 6 | 6 | | | |
| ENGT412 | English First Additional Language Teaching 4A | 7 | 6 | | | |
| ENGT422 | English First Additional Language Teaching 4B | 7 | 6 | | | |
| FILO413 | Filosofie van die Opvoedkunde 4A | 7 | 12 | | | |
| FILO421 | Filosofie van die Opvoedkunde 4B | 7 | 12 | | | |
| IEBW121 | Inleiding tot Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 5 | 6 | | | |
| INAV411 | Inleiding tot Navorsing | 7 | 12 | | | |
| INRV111 | Inleiding tot Rekenaarvaardighede | 5 | 6 | | | |
| IWIS111 | Elementêre Wiskunde vir die Intermediêre Fase | 5 | 6 | | | |
| KURS321 | Kurrikulumstudie | 6 | 12 | | | |

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KURS323 | Kurrikulumstudie | 6 | 12 | | | |
| LOND311 | Leerondersteuning 3 | 7 | 12 | OPVS121<br>OPVS211 | | |
| LOND313 | Leerondersteuning 3 | 6 | 12 | OPVS223 | | |
| LOND411 | Leerondersteuning 4A | 7 | 12 | LOND311<br>LOND313 | | |
| LOND421 | Leerondersteuning 4B | 7 | 12 | LOND411 | | |
| LOND422 | Leerderondersteuning 4 | 7 | 12 | LOND313 | | |
| LVON121 | Lewensvaardighede-onderrig 1 | 5 | 6 | | | |
| LVON122 | Lewensvaardighede-onderrig 1 | 5 | 6 | | | |
| LVON211 | Lewensvaardighede-onderrig 2A | 5 | 6 | | | |
| LVON212 | Lewensvaardighede-onderrig 2A | 5 | 6 | | | |
| LVON221 | Lewensvaardighede-onderrig 2B | 6 | 6 | | | |
| LVON222 | Lewensvaardighede-onderrig 2B | 6 | 6 | | | |
| LVON311 | Lewensvaardighede-onderrig 3A | 6 | 6 | | | |
| LVON312 | Lewensvaardighede-onderrig 3A | 6 | 6 | | | |
| LVON321 | Lewensvaardighede-onderrig 3B | 6 | 6 | | | |
| LVON322 | Lewensvaardighede-onderrig 3B | 6 | 6 | | | |
| LVON412 | Lewensvaardighede-onderrig 4A | 7 | 8 | | | |
| LVON422 | Lewensvaardighede-onderrig 4B | 7 | 8 | | | |
| NAVP421 | Navorsingsprojek | 7 | 12 | NAVT411 | | |
| NAVT411 | Navorsingsteorie | 7 | 12 | | | |
| NTOB222 | Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 2B | 6 | 6 | | | |
| NTOB312 | Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 3 | 6 | 6 | | | |
| ONBS121 | Klaskamerbestuur | 5 | 12 | | | |
| ONBS123 | Klaskamerbestuur | 5 | 12 | | | |
| ONSA111 | Onderwys in Suid-Afrika | 5 | 12 | | | |
| ONSA322 | Onderwys in Suid-Afrika | 6 | 6 | | | |
| OOVO311 | Omgewingsopvoeding vir Volhoubare Ontwikkeling | 6 | 6 | | | |
| OPVS121 | Opvoedkundige Sielkunde 1 | 6 | 12 | | | |
| OPVS123 | Opvoedkundige Sielkunde 1 | 6 | 12 | | | |
| OPVS211 | Opvoedkundige Sielkunde 2A | 6 | 12 | OPVS121 | | |
| OPVS213 | Opvoedkundige Sielkunde 2A | 6 | 12 | OPVS123 | | |
| OPVS221 | Opvoedkundige Sielkunde 2B | 6 | 12 | OPVS121<br>OPVS211 | | |
| OPVS223 | Opvoedkundige Sielkunde 2B | 6 | 12 | OPVS213 | | |
| OTOB122 | Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 1 | 6 | 6 | | | |
| OTOB212 | Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 2A | 6 | 6 | | | |
| OWRR113 | Onderwysreg | 5 | 12 | | | |
| PRAK122 | Onderwyspraktyk 1 | 5 | 12 | | | |
| PRAK232 | Onderwyspraktyk 2 | 6 | 24 | | PRAK122 | AFRO212<br>AFRO222<br>SWET212<br>SWET222 |

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| PRAK332 | Onderwyspraktyk 3 | 6 | 24 | | PRAK232 | ENGT311<br>ENGT321<br>LVON312<br>LVON322 |
| PRAK432 | Onderwyspraktyk 4 | 7 | 24 | | PRAK332 | AFRO412<br>AFRO422<br>ENGT412<br>ENGT422<br>LVON412<br>LVON422<br>SWET412<br>SWET422 |
| RELS111 | Religiestudie | 5 | 6 | | | |
| ROBO422 | Kodering en Robotika vir die Intermediêre Fase | 6 | 0 | | | |
| SEPE221 | Sepedi-kommunikasievlak | 5 | 12 | | | |
| SEPE223 | Sepedi-kommunikasievlak | 5 | 6 | | | |
| SPED311 | Sosiopedagogiek | 6 | 12 | | | |
| SWET121 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 1 | 5 | 6 | | | |
| SWET122 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 1 | 5 | 6 | | | |
| SWET211 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 2A | 6 | 6 | | | |
| SWET212 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 2A | 6 | 6 | | | |
| SWET221 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 2B | 6 | 6 | | | |
| SWET222 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 2B | 6 | 6 | | | |
| SWET311 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 3A | 6 | 6 | | | |
| SWET312 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 3A | 6 | 6 | | | |
| SWET321 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 3B | 6 | 6 | | | |
| SWET322 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 3B | 6 | 6 | | | |
| SWET412 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 4A | 7 | 8 | | | |
| SWET422 | Sosiale Wetenskappe-onderrig 4B | 7 | 8 | | | |
| WBSL112 | Wêreldbeskouingsleer | 5 | 6 | | | |
| WISO111 | Oriëntering tot Wiskunde-onderrig | 5 | 6 | | | |
| WTEG111 | Oriëntering tot Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig | 5 | 6 | | | |

## Module-uitkomste

**AFRL112** **Krediete: 2** **NKR-vlak: 5**

**Afrikaans Lees**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n leesspoed kan behaal van minstens 280 woorde per minuut; en
- ’n leesbegrip kan toon van minstens 70%.

**AFRO111** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 5**

**Afrikaans Huistaalonderrig 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- inligting kan weergee oor taalprosessering en leesvermoë met betrekking tot fonologiese (klank) prosessering, ortografiese (gedrukte taal) prosessering, semantiek- (betekenis) prosessering, sintaktiese (sinsbou) prosessering en diskoers- (gesamentlike teks) prosessering;
- kennis en ’n ingeligte begrip van fonetiek (die klank van die Afrikaanse taal) kan toon in terme van hoe klanke geproduseer word;
- kennis en ’n ingeligte begrip van die karaktereienskappe en fonologie (die klankpatrone van taal) kan toon met betrekking tot die vorming van taal;
- oor die vaardigheid beskik om kinders se lees- en spelfoute te identifiseer en gepaste intervensies in plek kan stel om dit aan te spreek;
- ’n oorsig kan gee van kinder- en jeugliteratuur sodat daar tussen verskillende tipes kinder- en jeugliteratuur onderskei kan word;
- 'n ingeligte begrip en grondige kennis en vaardighede van relevante teorieë en empiriese navorsing kan toon met betrekking tot leerders se reaksie tot kinder- en jeugliteratuur en die waarde van multikulturele literatuur; en
- die grondslae van kinder- en jeugliteratuur kan gebruik in die keuse van tekste vir die gebruik in die klaskamer.

**AFRO112** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Afrikaans Huistaalonderrig 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die beginsels van taalonderrig in die konteks van ’n Afrikaans Huistaalklas kan beskryf;
- normgewende Afrikaanse hulpbronne kan gebruik om kommunikasie van ’n hoë gehalte te lewer;
- ’n ingeligte begrip van Afrikaanse spelreëls kan demonstreer;
- ’n ingeligte begrip rakende die gebruik van leestekens in Afrikaans kan demonstreer; en
- ’n prosawerk (kinderverhaal) kan ontleed in ’n akademiese skryfstuk.

**AFRO211** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 6**

**Afrikaans Huistaalonderrig 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n indieptekennis en begrip van morfologie (woorde in taal) kan demonstreer;
- ’n indieptekennis en begrip van verskillende strukture in die Afrikaanse spellingsisteem kan demonstreer en onderrig;
- kennis van morfologie en klank kan gebruik om leerders se progressie en probleme in verband hiermee te identifiseer en aan te spreek;
- onderrig van woordvorming in die Afrikaanse taal kan demonstreer;
- die beginsels van keuses en evaluasie van kinder- en jeugliteratuur kan gebruik om weldeurdagte besluite oor die gebruik van kinder- en jeugliteratuur te neem; en
- behoeftes in die gemeenskap kan inkorporeer tydens die keuse van kinder- en jeugliteratuur om sodoende refleksie op akademiese doelwitte, persoonlike verantwoordelikhede en verantwoordelikhede in die gemeenskap aan te spreek.

**AFRO212** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Afrikaans Huistaalonderrig 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gestruktureerde Afrikaanse lesplan kan opstel waarvolgens taalstrukture en -konvensies onderrig kan word;
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die fonetiek, wat spesifiek van toepassing op Afrikaans en die onderrig van Afrikaanse klankleer is;
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die fonologie, wat spesifiek van toepassing op Afrikaans en die onderrig van Afrikaanse klankleer is;
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en die onderrig daarvan in die Intermediêre Fase; en
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur en die onderrig daarvan in die Intermediêre Fase.

| AFRO221 | Krediete: 8 | NKR-vlak: 6 |
|---|---|---|

**Afrikaans Huistaalonderrig 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis van semantiek kan toon en ’n begrip van sleutelkonsepte, terme en reëls van semantiek in Afrikaans demonstreer;
- kennis kan toon en verstaan hoe woordeskat ontwikkel word en maniere demonstreer om dit verder in die klaskamer uit te bou;
- leerders se woordeskat kan analiseer en intervensies in plek stel om hul woordeskat te ontwikkel;
- kennis van verskillende tipes kinder- en jeugliteratuur kan toon en dit ook verstaan, met die fokus op die keuse en gebruik van prenteboeke in die klaskamer;
- die waarde en doel van illustrasies in prenteboeke kan evalueer, byvoorbeeld kulturele voorstellings; en
- illustrasies in die klas kan gebruik om visuele geletterdheid te bevorder en leerders se begrip in Afrikaans op hierdie manier uit te bou.

| AFRO222 | Krediete: 6 | NKR-vlak: 6 |
|---|---|---|

**Afrikaans Huistaalonderrig 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die onderrig van luister en praat as ’n taalvaardigheid;
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die Afrikaanse woordeskat en hoe om dit te onderrig;
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van woordvorming (morfologie) en die onderrig daarvan;
- gedetailleerde kennis kan demonstreer van tradisionele verhale; en
- die onderrig van prosa kan beplan.

| AFRO311 | Krediete: 8 | NKR-vlak: 6 |
|---|---|---|

**Afrikaans Huistaalonderrig 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis en kritiese evaluasie kan demonstreer van Afrikaanse sintaksis, byvoorbeeld die posisie van die werkwoord, woordsoorte, die verbinding van sinne, sinsvolgorde, voorsetsels en ontkenning;
- geïntegreerde kennis van Afrikaanse sintaksis kan gebruik om sintaksis in die klaskamer te onderrig;
- geïntegreerde kennis van verskillende tipes kinder- en jeugliteratuur met die fokus op poësie kan demonstreer, byvoorbeeld die evaluasie van poësie, tipes poësie, eienskappe van poësie; en
- geïntegreerde kennis van verskillende tipes kinder- en jeugliteratuur, met die fokus op poësie, in die klaskamer kan onderrig om sodoende op hierdie wyse poësie te evalueer en leerders in hul evaluasie van poësie te lei.

**AFRO312** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Afrikaans Huistaalonderrig 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis kan demonstreer van die onderrig van lees en kyk as ’n taalvaardigheid;
- geïntegreerde kennis kan demonstreer van Afrikaanse woordsoortkategorieë;
- geïntegreerde kennis kan demonstreer van die Afrikaanse poësie; en
- die onderrig van poësie kan beplan.

**AFRO321** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 6**

**Afrikaans Huistaalonderrig 3B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis en omgang met diskoersanalise en pragmatiek kan toon, soos dit met onderrig en leer verband hou;
- die impak van die teks, leser en konteks in terme van taal kan evalueer;
- geïntegreerde kennis van teksgenres kan toon om verantwoordelike onderrigpraktyke te bewerkstellig;
- kan differensieer tussen tradisionele en historiese literatuur, biografieë en informatiewe tekste; en
- tradisionele en historiese literatuur, biografieë en informatiewe tekste in die onderrig van Afrikaans kan gebruik.

**AFRO322** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Afrikaans Huistaalonderrig 3B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis kan demonstreer van die onderrig van transaksionele tekste tydens die onderrig van skryf en aanbied as ’n taalvaardigheid;
- geïntegreerde kennis kan demonstreer van die onderrig van kreatiewe skryfwerk tydens skryf en aanbied as ’n taalvaardigheid;
- mondelinge vaardighede kan demonstreer in Afrikaans;
- geïntegreerde kennis kan demonstreer van sintaksis (sinstruktuur); en
- geïntegreerde kennis kan demonstreer van taalvariëteite en Standaardafrikaans.

**AFRO412** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 7**

**Afrikaans Huistaalonderrig 4A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die rol van tegnologie kan verduidelik tydens die onderrig van Afrikaans;
- geïntegreerde kennis van semantiek en die onderrig daarvan kan demonstreer;
- assesseringsinstrumente kan ontwikkel;
- geïntegreerde kennis kan demonstreer van dramateorie; en
- die onderrig van drama- en filmstudie kan beplan.

**AFRO422** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 7**

**Afrikaans Huistaalonderrig 4B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n bestaande lesbeplanning kan evalueer;
- toetse en eksamenvraestelle met memorandums kan opstel volgens die riglyne van die huidige kurrikulum;
- krities kan reflekteer oor hul eie praktyke;
- bewys kan lewer van die wyse waarop hulle hul eie leer self kan bestuur en ook verantwoordbaar kan wees; en
- ’n kritiese benadering tot kinder- en jeugliteratuur in die praktyk kan toepas.

**AKAG112** **Krediete: 4** **NKR-vlak: 5**

**Akademiese Geletterdheid**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor die vermoë beskik om inligting vanuit ‘n verskeidenheid bronne in te samel en begrip te demonstreer oor die integrasie en verwysing van hierdie bronne in akademiese tekste;
- die elemente waaruit ‘n akademiese teks bestaan, kan herken, benoem en toepas;
- verskillende verbindingstegnieke (tekseenhede) kan onderskei en toepas; en
- ‘n akademiese skryfstyl kan herken en toepas.

**AKAG136** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Akademiese geletterdheid**

Na voltooiing van die module sal studente

- opdraginstruksies vir akademiese werkstukke kan ontleed;
- inligting kan prosesseer en dit ook vanuit akademiese bronne kan insamel en korrek daarna verwys;
- aspekte waaruit ‘n akademiese skryfstuk bestaan kan herken, benoem en toepas;
- tussen die verskillende tekseenheidsvorme kan onderskei en dit kan toepas; en
- akademiese skryfstyl en taalvaardighede kan toepas.

**ASSE211** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Assessering**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ŉ gestruktureerde proses kan gebruik vir die insameling en interpretasie van inligting ten opsigte van leer op alle vlakke;
- kennis kan demonstreer van ŉ verskeidenheid tegnieke, metodes en instrumente vir assessering;
- die belangrikheid van assessering as ŉ integrale deel van alle beplanning van onderrig en leer kan verstaan;
- maniere kan bemeester van selfassessering, assessering van die leerder en assessering van onderwysprogramme;
- gedetailleerde en diagnostiese rekords van assessering kan byhou; en
- besef dat die waardes en norme, soos in die Bybel vervat, rigtinggewend is wanneer assessering gedoen word.

**ASSE213** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Assessering**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ŉ gestruktureerde proses vir die insameling en interpretasie van inligting kan gebruik ten opsigte van leer op alle vlakke;
- kennis kan demonstreer van ŉ verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente;
- die belangrikheid van assessering as ŉ integrale deel van alle beplanning van leer en onderrig kan verstaan;
- wyses van selfassessering, assessering van die leerder en assessering van onderwysprogramme kan bemeester;
- gedetailleerde en diagnostiese rekords van assessering kan hou; en
- besef dat die waardes en norme, soos in die Bybel vervat, rigtinggewend is wanneer assessering gedoen word.

**BYBK121** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Bybelkunde 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die Pentateug tematies kan ontleed en dit in die praktyk kan toepas;
- die Skrif kan ontleed as samehangende geheel met die Pentateug, met toespitsing op die indeling van sonde, verlossing en dankbaarheid; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing verstaan vanuit die Pentateug en dit kan toepas.

**BYBK211** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis kan demonstreer van die Bybelse geskiedenis in die Ou Testamentiese boeke en verstaan hoe dit met die openbaring van God, die verhouding tussen God en mens, asook die koninkryk van die beloofde Messias verband hou;
- die vermoë toon om gereformeerde interpretatiewe metodes op die Ou Testamentiese geskiedenisboeke vanuit ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- die vermoë toon om op ’n doeltreffende wyse komplekse inligting betroubaar en koherent deur te gee deur van gepaste akademiese konvensies gebruik te maak.

**BYBK221** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- feitekennis rondom die profete en Psalms kan demonstreer;
- kan verduidelik hoedat die profete en die inhoud van hul profesie op Jesus dui;
- die Psalms kan bestudeer om te sien dat ons vir Jesus en ook oor en saam met Hom in die Psalms sing;
- kan verdedig dat die liefde tussen ’n man en ’n vrou in Hooglied die verhouding tussen Jesus en die kerk uitbeeld; en
- tot ’n gevolgtrekking kan kom oor wat God van Homself in Jesus openbaar.

**BYBK311** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- feite kan onthou rakende die betrokke Bybelhoofstukke;
- die manier kan begryp waarop God in hierdie spesifieke gedeelte van die Bybel geopenbaar word; en
- die implikasies van God se Woord kan beskryf in lewenswerklike situasies.

**BYBK321** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde 3B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die uitbreiding van die kerk, soos in die boek Handelinge beskryf, kan ontleed;
- die sendingreise van Paulus kan evalueer; en
- verskeie etiese temas kan bespreek in die boek Handelinge.

**BYBK411** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 7**

**Bybelkunde 4**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- Paulus se briewe tematies kan ontleed en in die praktyk kan toepas;
- die Skrif kan ontleed as samehangende geheel, met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing kan verstaan vanuit die briewe van Paulus en dit kan toepas.

**DIDA111** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Didaktiek**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kernkonsepte en algemene beginsels kan beskryf van opvoeding en leer binne die Christelike wêreldbeskouing;
- die rolspelers kan beskryf in die onderrigstelsel;
- ‘n positiewe leeromgewing kan skep vir die onderrig van leerders binne God se raadsplan;
- geskikte onderrigmetodes kan identifiseer vir 'n verskeidenheid van kontekste;
- geskikte onderrigmedia kan identifiseer vir ‘n verskeidenheid van kontekste;
- “assessering” kan beskryf binne die Suid-Afrikaanse kurrikulum; en
- moontlike oplossings kan identifiseer vir kernuitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse onderrigomgewing.

**DIDA113** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

### Didaktiek

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kernkonsepte en algemene beginsels kan beskryf van opvoeding en leer binne die Christelike wêreldbeskouing;
- die rolspelers kan beskryf in die onderrigstelsel;
- ‘n positiewe leeromgewing kan skep vir die onderrig van leerders binne God se raadsplan;
- geskikte onderrigmetodes kan identifiseer vir 'n verskeidenheid van kontekste;
- geskikte onderrigmedia kan identifiseer vir ‘n verskeidenheid van kontekste;
- “assessering” kan beskryf binne die Suid-Afrikaanse kurrikulum; en
- moontlike oplossings kan identifiseer vir kernuitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse onderrigomgewing.

**EGKI111** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

### Etiese Gebruik van Kunsmatige Intelligensie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- begrip van basiese rekenaar- en internetfunksies, insluitend MS Office-programme, kan demonstreer;
- die oorsprong, kernkonsepte en geskiedenis van kunsmatige intelligensie kan verduidelik;
- tussen tipes KI (reëlgebaseerde KI, masjienleer, GenKI, KAI) kan onderskei en die basiese gebruik van ‘n KI-hulpmiddel kan demonstreer;
- etiese kwessies soos privaatheid, vooroordeel en foutiewe inligting binne KI, gegrond op ‘n Christelike raamwerk, kan evalueer;
- die invloed van KI op assesseringspraktyke en akademiese integriteit in hoër onderwys kan verduidelik; en
- ‘n kreatiewe produk kan ontwikkel deur verskeie KI-hulpmiddels te gebruik en oor die leerproses kan reflekteer.

**ENGT121** **Credits: 6** **NQF level: 5**

**English First Additional Language Teaching 1**

After completing this module, students should be able to

- demonstrate an informed knowledge of selected core areas and designated fields and have the ability to apply terms, concepts, facts, general principles, rules, established conventions, and theories appropriately;
- demonstrate the technique of writing coherent sentences and paragraphs;
- understand the importance of writing and the correct use of written paragraphs as a tool for developing efficient writing skills;
- master the technique of synthesising two or more texts and develop their own writing from this process; use a resource or multiple resources, which support original thought; and have the ability to communicate more effectively in English; and
- formulate and communicate an appreciation for languages' existence and the diversity thereof through the power of the ultimate Creator, our almighty God.

**ENGT122** **Credits: 6** **NQF level: 5**

**English First Additional Language Teaching 1**

After completing this module, students should be able to

- demonstrate an informed knowledge of selected core areas and designated fields and have the ability to apply grammar terms, concepts, facts, general principles, rules, established conventions, and theories appropriately;
- demonstrate the technique of writing coherent sentences and paragraphs;
- understand the importance of writing and the correct use of written paragraphs as a tool for developing efficient writing skills;
- master the technique of synthesising two or more texts and develop their own writing from this process; use a resource or multiple resources, which support original thought; and have the ability to communicate more effectively in English;
- demonstrate an understanding of the strategies and subskills associated with grade four to grade six English FAL Language Structures and Conventions; and
- formulate and communicate an appreciation for languages' existence and the diversity thereof through the power of the ultimate Creator, our almighty God.

**ENGT211** **Credits: 6** **NQF level: 6**

## English First Additional Language Teaching 2A

After completing this module, students should be able to

- apply knowledge of child development between grade 3 and 4 to the identification of learners' needs at the beginning of the Intermediate Phase;
- stimulate and employ the development of language skills in the first additional language at the commencement of the phase;
- categorise, distinguish between, and contrast a variety of different theories focused on the effective teaching of an additional language;
- formulate or hypothesise an opinion regarding teaching English as a first additional language as well as evaluate approaches to teaching English as a FAL;
- understand and motivate elements of a balanced approach to teaching an additional language;
- understand and explain the diverse context of the South African classroom; and
- recognise the circumstances of the learners in their classroom.

**ENGT212** **Credits: 6** **NQF level: 6**

## English First Additional Language Teaching 2A

After completing this module, students should be able to

- recognise and discuss the diverse context of the South African classroom, with specific focus on language teaching through applying knowledge of child development by identifying the needs of the learners at the beginning of the Intermediate Phase;
- categorise and contrast a variety of different theories focused on effective teaching of an additional language;
- stimulate and employ the development of language skills in the first additional language at the commencement of the phase;
- recognise and discover the various roles of the English FAL educator, paying particular attention to the essence of good administration as well as effective time management; and
- compare and evaluate the differences in lesson plans used in the various Intermediate Phase grades.

**ENGT221** **Credits: 6** **NQF level: 6**

**English First Additional Language Teaching 2B**

After completing this module, students should be able to

- interpret/deduce various circumstances regarding the text's nature and also show the necessary sensitivity for that;
- develop and integrate their own opinions regarding the text, its character, and the variety of backgrounds linked to the specific text;
- apply and exhibit the use of analytical skills essential to the perceptive reading of all genre studies in this module;
- demonstrate an understanding of the importance of literature as an integral part of any language curriculum; and
- show an appreciation for a variety of texts for either academic reading or reading for enjoyment.

**ENGT222** **Credits: 6** **NQF level: 6**

**English First Additional Language Teaching 2B**

After completing this module, students should be able to

- demonstrate an understanding of the strategies and sub-skills associated with grade four to grade six English First Additional Language listening;
- demonstrate an understanding of the strategies and sub-skills associated with grade four to grade six English First Additional Language speaking;
- identify and differentiate methods of naturally and enjoyably integrating the teaching of an additional language to cater for a variety of learners and circumstances;
- create and develop strategies to plan and assess activities to teach different aspects of an additional language; and
- facilitate a lesson based on the four essential skills by incorporating the methods suggested.

**ENGT311** **Credits: 6** **NQF level: 6**

**English First Additional Language Teaching 3A**

After completing this module, the student should be able to

- show awareness of the primary approaches used in teaching reading as a first additional language in the Intermediate Phase;
- demonstrate an understanding of the strategies and sub-skills associated with grade four to grade six English First Additional Language reading;
- identify and extrapolate methods by integrating natural and enjoyable reading to cater for a variety of learners as well as circumstances; and
- analyse and supply elements of a balanced approach to teaching an additional language based on the fact that they will have to promote and enable learners to master the following: listening and speaking, reading, writing and language structures and use.

**ENGT321** **Credits: 6** **NQF level: 6**

**English First Additional Language Teaching 3B**

After completing this module, students should be able to

- formulate and develop strategies to plan activities to teach different aspects of writing and presenting in an additional language;
- identify and extrapolate natural and enjoyable integration of teaching methods into the additional language to cater for a variety of learners as well as circumstances;
- facilitate the most effective teaching methods used for grades 4 to 6 respectively;
- plan a lesson based on the four essential language skills by incorporating the methods suggested;
- understand and remember meaningful assessment tasks for grade 4 to 6 learners; and
- identify, discuss, and use effective grade appropriate assessment tools, e.g. rubrics, memorandums, etc., for various assessment tasks.

**ENGT412** **Credits: 6** **NQF level: 7**

**English First Additional Language Teaching 4A**

After completing this module, students should be able to

- interpret/deduce various circumstances regarding the text’s nature and also show the necessary sensitivity for that;
- develop and integrate their own opinions regarding the text, its character and the variety of backgrounds linked to the specific text;
- apply and exhibit the use of analytical skills essential to the perceptive reading of all genres studied in this module;
- demonstrate an understanding of literature’s importance and text in general as an integral part of any language curriculum; and
- show an appreciation for a variety of texts for either academic reading or reading for enjoyment.

| ENGT422 | Credits: 6 | NQF level: 7 |
|---|---|---|

**English First Additional Language Teaching 4B**

After completing this module, students should be able to

- analyse set forms of literature using recognisable, formulated techniques and practices;
- critically evaluate and judge set forms of literature based on formulated techniques and practices;
- incorporate the above analysis skills in their own teaching in the Intermediate Phase as the situation demands;
- be equipped to exhibit appreciation for English literature by independently writing a literary essay;
- recognise the necessity of literature and its application in the Intermediate Phase in developing the four skills dictated by the CAPS document;
- deduce and compare the vast differences between various literature texts (prose, poetry, drama, and film) that the different grades within the Intermediate Phase deal with;
- use knowledge of child development between grades four to six with a specific focus on identifying the educational needs of the learners at the beginning of the Intermediate Phase by incorporating different social and cultural contexts of the learners as found in literary texts; and
- identify and differentiate between methods of integrating the teaching of literature naturally and enjoyably to cater for various learners and circumstances.

| FILO413 | Krediete: 12 | NKR-vlak: 7 |
|---|---|---|

**Filosofie van die Opvoedkunde 4A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n kennisbasis in die Filosofie van die Opvoedkunde beskik wat hulle sal gebruik om vorige kennis te kan integreer wat reeds oor die Opvoedkunde binne die Filosofie van die Opvoedkunde opgebou is;
- begrip toon en oor die vermoë beskik om die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van die Filosofie van die Opvoedkunde toe te pas;
- metodes en werkswyses kan demonstreer wat hulle kan gebruik om die tetiese en antitese-metode toe te pas in hul beoordeling en evaluering van verskillende opvoedkundige teorieë;
- etiese en professionele praktyk kan toepas om sodoende die vermoë te demonstreer om besluite te neem en altyd eties en professioneel op te tree; en
- inligting kan skep en kommunikeer wat hulle sal gebruik om die vermoë te demonstreer om hul filosofieë, idees en menings deur die samestelling van ‘n kurrikulum te ontwikkel en te kommunikeer.

**FILO421** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

**Filosofie van die Opvoedkunde 4B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die konsep van ’n Christelike filosofie van die Opvoedkunde kan evalueer;
- ’n eie, persoonlike Christelike filosofie van die Opvoedkunde kan formuleer;
- kennis van pedagogiek en onderwys en die toepassing daarvan op hul eie lewensfilosofie kan demonstreer; en
- module-inhoud op Christelike onderrig en in die onderwyspraktyk kan toepas.

**IEBW121** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Inleiding tot Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- basiese kennis kan kommunikeer en skriftelik weergee rondom die geskiedenis van geld en ruilhandel, asook die rol van geld en elektroniese bankdienste;
- die basiese ekonomiese begrippe, naamlik “behoeftes” en “begeertes” kan onderskei en identifiseer en voorts ook die rol van beperkte hulpbronne verstaan om in hierdie behoeftes te voorsien;
- kennis dra van die produksieproses en begrip hê van die funksie wat huishoudings as produsente en verbruikers in die doeltreffende gebruik van goedere en dienste, produktiwiteit en ekonomiese groei vervul;
- kennis dra van rekeningkundige en finansiële begrippe, inkomstes en uitgawes, besparing en banke; vaardighede toon in die opstel van persoonlike begrotings en winsberekening; en praktykgerigte probleme kan oplos;
- kennis dra van entrepreneurskap, tipes besighede (formele sowel as informele besighede), die rolle, voor- en nadele daarvan en die vaardighede wat in die aanbied van ‘n entrepreneursdag en die opstel van ‘n inkomste-en-uitgawes-staat benodig word;
- ‘n EBW-lesplan kan opstel en aantoon dat dit praktykgerig aangebied kan word met suksesvolle benutting van moderne tegnologie en alternatiewe onderrighulpmiddels, byvoorbeeld opvoedkundige speletjies; en
- besigheids- en sosiale waardes en beginsels kan toepas en integreer op ’n reformatoriese, etiese en morele vlak in EBW-lesse.

**INAV411** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

## Inleiding tot Navorsing

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis dra van basiese navorsingsbegrippe ten einde lewenslange navorsers binne ‘n spesifieke dissipline of onderwerp te word;
- geïntegreerde metodes en werkwyses met betrekking tot die beginsels van opvoedkundige navorsing vanuit ‘n Reformatoriese perspektief kan verstaan, dit krities evalueer en ’n navorsingsopdrag daaroor uitvoer; en
- etiese en professionele oorwegings kan demonstreer deur die volg van ‘n strategiese benadering om ‘n bepaalde navorsingsprobleem aan die hand van stawende bewyse op te los.

**INRV111** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

## Inleiding tot Rekenaarvaardighede

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte begrip kan demonstreer oor rekenaars en die tegnologiese wêreld en in staat wees om verskeie funksies van ‘n rekenaar te kan gebruik;
- metodes en werkswyses kan toepas om woord- en sigbladverwerking en aanbiedingsprogrammatuur binne die skoolomgewing te kies en toe te pas;
- ingeligte begrip bevat en in staat wees om inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) in die klaskamer te implementeer; en
- die vermoë toon om die korrekte IKT te kies en te gebruik.

**IWIS111** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

## Elementêre Wiskunde vir die Intermediêre Fase

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte begrip kan demonstreer van essensiële wiskundige konsepte, beginsels, reëls en die oplossing van wiskundige probleme;
- gepaste standaardmetodes asook eie metodes kan gebruik om probleme op te los; en
- aan probleme in verskeie kontekste blootgestel word en maniere vind om hierdie probleme te interpreteer en op te los.

**KURS321** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Kurrikulumstudie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die noodsaak van Kurrikulum as ‘n studieveld kan ontleed;
- die rol van teoretiese begronding en praktiese toepassing van die kurrikulum kan identifiseer;
- die proses van kurrikulumontwikkeling kan interpreteer;
- die evalueringsproses van ‘n kurrikulum kan analiseer;
- die noodsaak van kurrikuluminterpretasie kan evalueer volgens verskillende kontekste;
- die rol van die onderwyser as oordraer van ‘n kurrikulum kan rasionaliseer;
- ‘n bestaande kurrikulum kan aanpas vanuit ’n Christelike perspektief; en
- die verantwoordelikheid van die Christenonderwyser as kurrikulumkundige kan beoordeel.

**KURS323** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Kurrikulumstudie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die noodsaak van Kurrikulum as ‘n studieveld kan ontleed;
- die rol van teoretiese begronding en praktiese toepassing van die kurrikulum kan identifiseer;
- die proses van kurrikulumontwikkeling kan interpreteer;
- die evalueringsproses van ‘n kurrikulum kan analiseer;
- die noodsaak van kurrikuluminterpretasie kan evalueer volgens verskillende kontekste;
- die rol van die onderwyser as oordraer van ‘n kurrikulum kan rasionaliseer;
- ‘n bestaande kurrikulum kan aanpas vanuit ’n Christelike perspektief; en
- die verantwoordelikheid van die Christenonderwyser as kurrikulumkundige kan beoordeel.

**LOND311** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

**Leerondersteuning 3**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om ’n persoonlike raamwerk te vorm om jong leerders met leerbeperkinge te ondersteun deur verskeie leerderhulpteorieë te evalueer;
- kennis hê rondom die volgende: die tipe persone wat betrokke moet wees by leerondersteuning, praktyk, omgewing, houdings en vaardighede wat kan bydra tot die ondersteuning van leerders wat hindernisse ervaar;
- kennis kan demonstreer van die wyse waarop assessering benader moet word en hoe leerders wat hindernisse ervaar se assessering aangepas kan word;
- in staat wees om onderrigpraktyke en onderrigstrategieë te vestig om inklusiewe onderrig te akkommodeer en te differensieer; en
- begrip en kennis toon met betrekking tot die hantering van leerders wat hindernisse ervaar en professionele en etiese gedrag as konsepte kan verstaan in terme van die wyse waarop toegewyde Christenonderwysers moet optree met betrekking tot die behoeftes van die kind en dié se ouers of versorgers.

**LOND313** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Leerondersteuning 3**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor die vermoë beskik om ’n persoonlike raamwerk te vorm om jong leerders met leerbeperkinge in die klaskamer te ondersteun deur verskeie teorieë van leerderhulp te evalueer en ‘n individuele ondersteuningsplan vir die leerder op te stel;
- kundiges asook die vaardighede waaroor hulle moet beskik wat by leerondersteuning binne die skoolopset betrokke moet wees, kan identifiseer;
- die manier kan toepas waarop assessering van leerders met leerhindernisse binne die klaskamer by sy/haar leerbehoeftes aangepas moet word;
- onderrigpraktyke en onderrigstrategieë kan vestig om inklusiewe onderrig in die klaskamer te akkommodeer en te differensieer; en
- begrip en kennis toon met betrekking tot die hantering van leerders wat hindernisse ervaar deur professionele en etiese gedrag as Christelike voornemende onderwyser teenoor die leerders te toon.

**LOND411** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

## Leerondersteuning 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- individuele en sosiale struikelblokke tot leer kan identifiseer in ’n inklusiewe klaskamerkonteks;
- strategieë vir onderrig en leer kan verstaan en implementeer om die leerder met individuele en sosiale struikelblokke in die klaskamer te ondersteun;
- die sterkpunte van leerders kan identifiseer en in hul omstandighede die leerder op ’n positiewe wyse deur die loop van die leerproses kan ondersteun;
- die noodsaak van samewerking tussen ouers en ander rolspelers kan verstaan en motiveer deur leerders met leerstruikelblokke te ondersteun; en
- verwerfde kennis oor inklusiewe onderrig kan implementeer en in die proses ook leerders ondersteun wat leerstruikelblokke ervaar deur middel van gedifferensieerde onderrig.

**LOND421** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

## Leerondersteuning 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- leerders kan identifiseer wat spesifieke leerstruikelblokke in ’n Grondslagfaseklaskamer/’n Intermediêre Fase-klaskamer ervaar;
- onderliggende oorsake kan vasstel van leerstruikelblokke deur inligting in te win deur leerders waar te neem wat leerstruikelblokke ervaar, onderhoude met klasonderwysers te voer en diagnostiese assessering te implementeer;
- strategieë en materiaal vir onderrig en leer kan beplan en ontwikkel om as deel van gedifferensieerde onderrig in ’n Grondslagfase-/Intermediêrefase-klaskamer te implementeer. Sluit verskeie steierwerkmetodes in;
- ’n individuele ondersteuningsplan (IOP) kan beplan en ontwikkel vir ’n leerder wat leerstruikelblokke in die Grondslagfase- en die Intermediêre Fase-klaskamer ervaar; en
- ’n gedetailleerde verslag kan saamstel oor die assessering en die ondersteuning van ’n leerder wat leerstruikelblokke ervaar.

**LOND422** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

**Leerderondersteuning 4**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente:

- leerders kan identifiseer wat spesifieke leerhindernisse in ’n Intermediêre Fase-klaskamer ervaar;
- strategieë en materiaal vir onderrig en leer kan beplan en ontwikkel om as deel van gedifferensieerde onderrig in ’n Intermediêre Fase-klaskamer te implementeer;
- oor die vermoë beskik om onderrigmetodes sowel as assesseringsmetodes te selekteer, te evalueer en toe te pas sodat leerders met diverse leerbehoeftes weens hindernisse en/of uitdagings wat hulle ondervind suksesvol ingesluit kan word ten einde ook inklusiewe onderrigpraktyke te bevorder;
- ’n individuele ondersteuningsplan (ISP: “individual support plan”) kan beplan en ontwikkel vir ’n leerder wat leerhindernisse in die Intermediêre Fase-klaskamer ervaar; en
- ’n gedetailleerde verslag kan saamstel oor die assessering en ondersteuning van ’n leerder wat leerhindernisse ervaar.

**LVON121** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Lewensvaardighede-onderrig 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om kennis rondom Lewensvaardighede se onderskeie dissiplines aan leerders te verduidelik;
- in staat wees om persoonlike en sosiale welsyn te bespreek en kan demonstreer hoe verantwoordelike landsburgers moet optree;
- oor ’n ingeligte kennisbasis beskik om konsepte en definisies van fundamentele motoriese ontwikkeling te omskryf;
- in staat wees om kernareas van musiekaktiwiteite en -konsepte te identifiseer en te verduidelik; en
- ingeligte kennis oor visuele geletterdheid beskik en twee- en driedimensionele onderwerpe kan identifiseer en bespreek.

**LVON122** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Lewensvaardighede-onderrig 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende komponente kan verduidelik waaruit Lewensvaardighede binne die Intermediêre Fase bestaan;
- ‘n praktiese klaskameruitleg en gemoedelike klaskameratmosfeer kan skep deur die implementering en ontwikkeling van positiewe dissipline;
- innoverende hulpbronne kan skep en gepaste tegnologie vir die gebruik in die Lewensvaardighede-klas kan identifiseer;
- Christelike waardes kan integreer met die inhoud van Lewensvaardighede; en
- 'n eie wêreldbeskouing kan onwikkel aan die hand van Bronfenbrenner se ekologiese sisteemteorie.

**LVON211** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Lewensvaardighede-onderrig 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n gedetailleerde kennisbasis beskik van kulturele diversiteit (waarby ’n verduideliking en demonstrasie van kulturele groepe, tradisies en godsdienste ingesluit is) in Suid-Afrika;
- die vermoë toon om probleme op te los deur die identifisering en demonstrasie van sport en speletjies wat eie is aan die Suid-Afrikaanse kultuur;
- verskeie Afrika-musiekinstrumente kan identifiseer en beskryf (membranofone, aërofone,kordofone, idiofone en Afrika-musiekinstrumente) en gepaardgaande ritmes; en
- oor ’n ingeligte kennisbasis beskik om visuele geletterdheid te beskryf en te bespreek en in staat wees om tweedimensionele ontwerpe te kan gebruik wanneer daar met illustrasie en kleurmedia asook kleure (primêre en sekondêre kleure) tydens die voorstelling van inheemse diere gewerk word.

**LVON212** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Lewensvaardighede-onderrig 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die SSGB-analise kan verduidelik asook konflikhantering en gepaste reaksies met betrekking tot afknouery en dit op ’n persoonlike vlak kan toepas;
- vaardighede kan ontwikkel om sosiale verantwoordelikheid te kan herken, op te los en pedagogies te kan oordra;
- omgewingsgevare asook ’n gebrek aan higiëne kan identifiseer en evalueer en moontlike oplossings vir bogenoemde probleme kan bied;
- oor basiese kennis beskik van Intermediêre Fase-leerders se motoriese ontwikkeling, tesame met omvattende kennis van motoriese vaardighede; en
- hul eie wêreldbeskouing kan ontwikkel aan die hand van Mark Seligman se “PERMA”-model.

**LVON221** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede-onderrig 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die konteks verstaan deur in staat te wees om die mens, wat na die beeld van God geskape is, binne die konteks van interpersoonlike verhoudings te plaas, waarby respek vir iemand se eie en ander se liggame, boeliegedrag, kindermishandeling, die hantering van geweldadigesituasies en die evaluering van dwelmmisbruik se gevolge ingesluit is;
- ’n fisiese fiksheidsprogram kan ontwikkel, wat bestaan uit verskeie komponente, insluitende beweeglikheid, spoed, spierkrag, buigbaarheid en deursettingsvermoë;
- tweedimensionele ontwerpe kan beskryf en toepas deur middel van kunselemente met spesifieke fokus op lyn en kleur, tesame met kleur, lettergebruik en patrone;
- driedimensionele ontwerpbeginsels kan identifiseer, beskryf en demonstreer deur vaardighede en tegnieke in te span, bv. lym, sny, toedraai en vasbind en terselfdertyd op ruimtelike bewustheid klem te lê deur onder andere herwinbare materiale te gebruik; en
- ’n omvattende kennisbasis beskik wat hulle in staat stel om musiekaktiwiteite se konsepte en definisies (insluitende nootwaardes, maatnote, melodiese en ritmiese frases en ritme met betrekking tot die gebruik van perkussie-instrumente gebruik word) te verstaan.

**LVON222** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede-onderrig 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende kunselemente asook geïntegreerde kennis van die verhouding tussen ritme en beweging tydens die maak van musiek kan verduidelik en toepas;
- die belangrikhheid kan verduidelik van ‘n gesonde verhouding met jouself en die samelewing;
- vaardighede kan ontwikkel om sosiale verantwoordelikheid te kan herken, op te los en pedagogies te kan oordra;
- verskeie gesondheids- en omgewingsgevare kan identifiseer en moontlike oplossings vir daardie gevare bied; en
- hul eie wêreldbeskouing kan ontwikkel aan die hand van Mark Seligman se “PERMA”-model.

**LVON311** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede-onderrig 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- Christelike waardes soos identiteit, persoonlike sterkpunte, emosies, selfbeeld en selfbestuursvaardighede kan integreer en ook daaroor reflekteer;
- oor uitgebreide kennis beskik van seksuele opvoeding, asook HIV/VIGS en ander seksueel-oordraagbare siektes;
- metodes kan ontwikkel om ’n ritmiese bewegingsprogram te ontwerp deur te fokus op die ontwikkeling en evaluering van postuur, asook die verandering van vorm, spoed en rigting;
- gedetailleerde kennisgeletterdheid kan demonstreer deur in staat te wees om musiekaktiwiteite se konsepte en definisies te beskryf met verwysing na Westerse musiekinstrumente, soos gesien in *The Young Person’s Guide to the Orchestra*;
- metodes kan identifiseer en demonstreer om in staat te wees om tweedimensionele ontwerpe te skep deur visuele stimulusse in God se skepping waar te neem; en
- driedimensionele ontwerpe kan ontwerp en hierdie kennis deur middel van die inskerping van formele taalelemente en pottebakkersklei kan toepas.

**LVON312** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede-onderrig 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- motoriese vaardighede met sport en speletjies kan integreer en sport- en speletjies-aktiwiteite kan ontwikkel;
- uitgebreide kennis van ritmiese bewegings en hul pedagogiese toepassing hê;
- basiese vaardighede van gimnastiek kan identifiseer en basiese noodhulp kan toepas;
- uitgebreide kennis van musiekteorie sowel as die integrasie van beweging en musiek hê; en
- 'n eie wêreldbeskouing kan ontwikkel aan die hand van Herrmann se heelbrein-leerteorie.

**LVON321** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede-onderrig 3B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- metodes en werksmetodes kan ontwikkel om konflik te bestuur en probleemoplossingsvaardighede kan identifiseer, beskryf en toepas;
- metodes en werksmetodes kan ontwikkel om ’n kringprogram te ontwerp;
- metodes kan ontwikkel om tweedimensionele ontwerpe te skep en te ontwikkel;
- oor omvattende kennis beskik wat hulle in staat sal stel om driedimensionele ontwerpe met spesifieke ruimtelike afmetings te ontwikkel;
- metodes kan ontwikkel om media te gebruik, bv. pottebakkersklei, gips en ander gemengde media; en
- probleemoplossing kan demonstreer deur middel van musiek en bewegingsdissiplines.

**LVON322** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede-onderrig 3B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- motoriese vaardighede met sport en speletjies kan integreer en sport- en speletjies-aktiwiteite kan ontwikkel;
- uitgebreide kennis van ritmiese bewegings en hul pedagogiese toepassing hê;
- basiese vaardighede van gimnastiek kan identifiseer en basiese noodhulp kan toepas;
- uitgebreide kennis van musiekteorie sowel as die integrasie van beweging en musiek hê; en
- 'n eie wêreldbeskouing kan ontwikkel aan die hand van Herrmann se heelbrein-leerteorie.

**LVON412** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 7**

**Lewensvaardighede-onderrig 4A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- uitgebreide kennis van selfontwikkeling asook sy pedagogiese toepassing hê;
- uitgebreide kennis van seksuele opvoeding binne die Intermediêre Fase hê;
- pedagogiese toepassing van visuele kunste kan doen; en
- 'n eie wêreldbeskouing kan ontwikkel aan die hand van Van Wyk se kragveldteorie ("force field theory").

**LVON422** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 7**

**Lewensvaardighede-onderrig 4B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor pedagogiese kennis beskik van gesondheidsverantwoordelikheid;
- oor uitgebreide kennis beskik van grondwetlike regte en verantwoordelikhede;
- bepaalde teorie pedagogies kan toepas met betrekking tot die werkomgewing;
- ‘n fiksheidsprogram kan ontwikkel vir Intermediêre Fase-leerders; en
- 'n eie wêreldbeskouing kan ontwikkel aan die hand van Van Wyk se kragveldteorie (“force field theory”).

**NAVP421** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

**Navorsingsprojek**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennisgeletterdheid kan toepas binne ‘n spesifieke dissipline of onderwerp; en
- geïntegreerde metodes en werkwyses kan toepas om ‘n navorsingsvoorstel en navorsingsprojek uit te voer.

**NAVT411** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 7**

**Navorsingsteorie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde metodes en werkswyses kan toepas ten einde lewenslange navorsers binne ‘n spesifieke dissipline te word;
- in staat wees om geïntegreerde kennisgeletterdheid met betrekking tot die beginsels van opvoedkundige navorsing vanuit ‘n reformatoriese perspektief te verstaan en dit krities te evalueer; en
- etiese en professionele oorwegings kan demonstreer deur ‘n strategiese benadering te volg om ‘n bepaalde navorsingsprobleem die hoof te bied aan die hand van stawende bewyse.

(Hierdie module is direk verbind aan die navorsingsprojekmodule.)

**NTOB222** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vier Evangelies en Handelinge tematies kan ontleed en dit in die praktyk kan toepas;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing verstaan vanuit die vier Evangelies en Handelinge en dit kan toepas.

| **NTOB312** | **Krediete: 6** | **NKR-vlak: 6** |
|---|---|---|

**Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 3**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- Paulus se briewe tematies kan ontleed en dit in die praktyk toepas;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing kan verstaan vanuit die briewe van Paulus en dit kan toepas.

| **ONBS121** | **Krediete: 12** | **NKR-vlak: 5** |
|---|---|---|

**Klaskamerbestuur**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die klaskamer kan analiseer as ’n ruimte waarin God gedien kan word;
- verskeie maniere kan skep om ouers te betrek;
- die belangrikhheid kan motiveer vir dissipline as ’n voorwaarde vir ’n produktiewe klaskameratmosfeer;
- oor kennis beskik van effektiewe administrasie;
- kennis kan demonstreer oor die wyse waarop leerders gemotiveer kan word;
- die belang kan ondersoek van leierskaps- en bestuursvaardighede; en
- oor kennis beskik van diversiteit in die onderwys.

| **ONBS123** | **Krediete: 12** | **NKR-vlak: 5** |
|---|---|---|

**Klaskamerbestuur**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die klaskamer kan analiseer as ’n ruimte waarin God gedien kan word;
- verskeie maniere kan skep om ouers te betrek;
- die belangrikhheid kan motiveer vir dissipline as ’n voorwaarde vir ’n produktiewe klaskameratmosfeer;
- oor kennis beskik van effektiewe administrasie;
- kennis kan demonstreer oor die wyse waarop leerders gemotiveer kan word;
- die belang kan ondersoek van leierskaps- en bestuursvaardighede; en
- oor kennis beskik van diversiteit in die onderwys.

**ONSA111** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Onderwys in Suid-Afrika**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis dra van die huidige onderwyssituasie in Suid-Afrika en hoe hulle daarby moet aanpas;
- kennis dra van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis;
- kennis maak met die NKV en die KABV sowel as die implementering daarvan;
- kennis dra van die beleid, wette en regulasies wat van toepassing is op onderwys in die Suid- Afrikaanse konteks en hoe dit verander het;
- insig demonstreer ten opsigte van die verskillende benaderings tot kurrikulumontwikkeling, die nasionale beleidsdokumente en die vereistes wat deur die nasionale beleid aan opvoeders gestel word;
- oor ’n kennisbasis beskik wat nodig is om inligting te vind in relevante wette soos die Suid-Afrikaanse Skolewet en hierdie kennis kan gebruik wanneer dit sou nodig wees;
- in staat wees om hierdie kennis as kurrikulum in die praktyk toe te pas; en
- besef dat die onderwys ‘n professie is en verstaan watter betekenis die onderwys daaraan heg.

(Hierdie module vorm ’n belangrike deel van die grondslag vir die teoretiese en praktiese inhoud vir die res van die Aros BEd-kwalifikasie.)

**ONSA322** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Onderwys in Suid-Afrika**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedenis en politiek op die aard van die onderwysstelsel en die verskaffing van onderwys te verduidelik;
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedkundige en politieke kragte op die verskaffing van onderwys in die Afrika-klimaat wat bevorderlik is vir onderrig en leer te verduidelik en evalueer;
- probleemoplossing kan gebruik as basis om die invloed van geskiedenis en politiek op onderwys in Suid-Afrika te beskryf, te ontleed en te evalueer;
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die geskiedkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te beskryf en te verduidelik; en
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedenis en politiek ná 1994 op onderwys in Suid-Afrika te verduidelik.

**OOVO311** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Omgewingsopvoeding vir Volhoubare Ontwikkeling**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kan debatteer oor die noodsaaklikheid van omgewingsopvoeding en opvoeding vir volhoubare ontwikkeling;
- kennis en begrip kan demonstreer van omgewingsprobleme; en
- die KABV-dokument en ander relevante beleide kan analiseer vir die suksesvolle implementering van opvoeding vir volhoubare ontwikkeling in die vakke wat onderrig word.

**OPVS121** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Opvoedkundige Sielkunde 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die filosofiese begronding van onderwys as ŉ wetenskap kan verduidelik;
- die terrein van Opvoedkundige Sielkunde in die onderwys kan begryp;
- die belangrikheid van verskillende vertrekpunte ten opsigte van onderrig en leer kan insien en verstaan hoe hierdie vertrekpunte in verskillende filosofieë van onderwys uitgedruk word;
- die Christelike vertrekpunte kan identifiseer; en
- die kennis en vaardighede bemeester het wat nodig is om kinderontwikkeling te verstaan ten opsigte van fisiese, kognitiewe, etiese, sosiale, kreatiewe en emosionele ontwikkeling tydens die kinderjare (geboorte tot 18 jaar).

**OPVS123** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Opvoedkundige Sielkunde 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die filosofiese begronding van onderwys as ŉ wetenskap kan verduidelik;
- die terrein van opvoedkundige sielkunde in die onderwys kan begryp;
- die belangrikheid van verskillende vertrekpunte ten opsigte van onderrig en leer kan insien en verstaan hoe hierdie vertrekpunte in verskillende filosofieë van onderwys uitgedruk word;
- die Christelike vertrekpunte kan identifiseer; en
- die kennis en vaardighede bemeester het wat nodig is om kinderontwikkeling te verstaan ten opsigte van fisiese, kognitiewe, etiese, sosiale, kreatiewe en emosionele ontwikkeling tydens die kinderjare (geboorte tot 18 jaar).

| OPVS211 | Krediete: 12 | NKR-vlak: 6 |
|---|---|---|

**Opvoedkundige Sielkunde 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verwerfde kennis in OPVS121 gebruik om verskillende beskouings en teorieë aangaande leer te analiseer;
- kennis dra van die teorieë wat deur leiersfigure in die Opvoedkunde ontwikkel is;
- in staat wees om ‘n positiewe leeromgewing te skep, met inagneming van persoonlike leerstyle van leerders;
- hierdie teorieë kan belyn met Christelike oogpunte en terselfdertyd ook ŉ persoonlike filosofie van opvoeding begin ontwikkel;
- in staat wees om die begrippe “intelligensie” en “leerstyle” te begryp en toe te pas;
- bewus wees van die nuutste navorsing oor intelligensie;
- insig hê in die kognitiewe prosesse van die brein, perseptuele ontwikkeling, asook die rol van motivering in leer;
- die belangrikhheid kan begryp van die kind se taalontwikkeling;
- die invloed kan beskryf van kulturele diversiteit en sosio-ekonomiese status op die akademiese vordering en funksionering van leerders; en
- die morele ontwikkeling van die kind kan beskryf en weet dat die Skepper die mens gevorm het om op verskeie wyses te funksioneer en dat die mens daarom uniek is.

| OPVS213 | Krediete: 12 | NKR-vlak: 6 |
|---|---|---|

**Opvoedkundige Sielkunde 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verwerfde kennis in OPVS121 gebruik om verskillende beskouings en teorieë aangaande leer te analiseer;
- kennis dra van die teorieë wat deur leiersfigure in die Opvoedkunde ontwikkel is;
- in staat wees om ‘n positiewe leeromgewing te skep, met inagneming van persoonlike leerstyle van leerders;
- hierdie teorieë kan belyn met Christelike oogpunte en terselfdertyd ook ŉ persoonlike filosofie van opvoeding begin ontwikkel;
- in staat wees om die begrippe “intelligensie” en “leerstyle” te begryp en toe te pas;
- bewus wees van die nuutste navorsing oor intelligensie;
- insig hê in die kognitiewe prosesse van die brein, perseptuele ontwikkeling, asook die rol van motivering in leer;
- die belangrikhheid kan begryp van die kind se taalontwikkeling;
- die invloed kan beskryf van kulturele diversiteit en sosio-ekonomiese status op die akademiese vordering en funksionering van leerders; en
- die morele ontwikkeling van die kind kan beskryf en weet dat die Skepper die mens gevorm het om op verskeie wyses te funksioneer en dat die mens daarom uniek is.

**OPVS221** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Opvoedkundige Sielkunde 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n geïntegreerde kennisgeletterdheid hê om tussen normale en abnormale gedrag te kan onderskei;
- die kapasiteit ontwikkel en metodes toepas om afwykende gedrag soos AAHS te hanteer en die invloed van sosiale media asook sosio-ekonomiese probleme kan bestudeer;
- ‘n geïntegreerde kennisgeletterdheid hê om gepaste metodes en werkprosesse te ontwikkel om angstigheid en emosionele versteurings in die klaskamer te kan hanteer;
- kennis dra van etiese en professionele praktyk om begrip te kan demonstreer van besluite en optrede se etiese implikasies met betrekking tot kindermishandeling en die effek begryp wat sosiale media en die omgewing op die kind het; en
- ‘n geïntegreerde kennisgeletterdheid beskik om ‘n begrip van outisme en intellektuele leerhindernisse te kan demonstreer en in die proses ook gepaste metodes en werkprosesse vir die klaskamer te kan beplan.

**OPVS223** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Opvoedkundige Sielkunde 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die jong kind te identifiseer wat nie volgens verwagte mylpale met betrekking tot die fisieke, kognitiewe, normatiewe, sosiale, emosionele en selfstandigheidsnorme ontwikkel nie;
- gedrags- en leerprobleme kan identifiseer binne die onderrig-en-leer-scenario;
- leerders kan erken, verstaan en fasiliteer wat tekens toon van angs, trauma en ander ouderdomstoepaslike hindernisse wat ‘n invloed op leerders in die formele en informele leersituasie kan uitoefen; en
- onderrig-en-leerscenarios kan skep en fasiliteer wat op die diversiteit van leerders in Suid-Afrika fokus en dit omvat.

**OTOB122** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan demonstreer van God, die mens, die verhouding tussen God en mens, mens tot mens, die mens teenoor die natuur asook die Messias binne die konteks van die Pentateug;
- die vermoë demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Pentateug vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- begrip van die Pentateug se etiese implikasies demonstreer.

**OTOB212** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

### Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan toon van die eienskappe van God, die verhouding tussen God en mens, asook die koninkryk van die beloofde Messias binne die konteks van die Ou Testamentiese geskiedenisboeke;
- die vermoë kan demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Ou Testamentiese geskiedenisboeke vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- die vermoë kan demonstreer om komplekse inligting betroubaar en samehangend met behulp van toepaslike akademiese konvensies te kommunikeer.

**OWRR113** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

### Onderwysreg

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die regsomgewing en die grondbeginsels van regstoepassing in die onderwysomgewing kan beskryf en evalueer sodat hulle kennis dra van wat wetlik van alle belangegroepe in die onderwys verwag word;
- oor begrip beskik van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wetnr. 108 van 1996 met betrekking tot onderwysreg in Suid-Afrika;
- oor begrip beskik van die Grondwet se rol ten opsigte van balans met verwysing na menseregte en die skep van ’n vreedsame skoolomgewing wat vir onderrig en leer bevorderlik is;
- oor begrip beskik van die wyse waarop die Suid-Afrikaanse Skolewet, wet 84 van 1996 menseregte reguleer en beskerm ten einde ’n vreedsame skoolklimaat te skep wat vir onderrig en leer bevorderlik is;
- die sorg en veiligheid van leerders kan voorop stel;
- die regte en verpligtinge van ouers, leerders en opvoeders kan begryp; en
- die opvoeder en hul professionele etiek kan definieer en begryp, met verwysing na die Professionele Gedragskode vir Opvoeders deur die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 te implementeer.

**PRAK122** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

### Onderwyspraktyk 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- weet hoe om onderrig en leer binne ‘n laerskool waar te neem
- bewyse kan lewer van lesse wat waargeneem is in die Intermediêre Fase-klaskamer;
- wette en beleide kan ondersoek wat verwant is aan die onderwys;
- voorbeelde van administratiewe strategieë versamel het; en
- kan reflekteer oor leswaarneming.

**PRAK232** **Krediete: 24** **NKR-vlak: 6**

**Onderwyspraktyk 2**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die onderrig en leer in ’n klaskamer kan observeer;
- bewyse kan lewer van begeleide lesse wat aangebied is; en
- die administratiewe take in die klaskamer kan observeer en daaroor reflekteer.

**PRAK332** **Krediete: 24** **NKR-vlak: 6**

**Onderwyspraktyk 3**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- bewys kan lewer van mede-onderrig saam met ’n mentoronderwyser in die Intermediêre Fase en ’n graad 7-klaskamer;
- bewys kan lewer van onafhanklike onderrig binne die Intermediêre Fase en graad 7; en
- bewys kan lewer van die implementering van die inklusiwiteitsbeginsels.

**PRAK432** **Krediete: 24** **NKR-vlak: 7**

**Onderwyspraktyk 4**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- lesse onafhanklik kan beplan en aanbied vir enige klas in die Intermediêre Fase en graad 7;
- ’n volledige leerprogram kan beplan en aanbied vir enige klas in die Intermediêre Fase of graad 7; en
- kan reflekteer oor die ervaring wat opgedoen is.

**RELS111** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Religiestudie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop die konsep "wêreldbeskouing" binne die studieveld ontwikkel het; en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels kan demonstreer, wat die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe en simboliese tekste ingesluit is, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag kan ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.

**ROBO422** **Krediete: 0** **NKR-vlak: 6**

**Kodering en Robotika vir die Intermediêre Fase**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die koderings- en robotikakonsepte kan identifiseer en beskryf wat die Intermediêre Faseleerder volgens die voorgestelde KABV-vereistes moet kan bemeester;
- die koderings- en robotikavaardighede kan identifiseer en beskryf wat die Intermediêre Faseleerder moet kan bemeester en ontwikkel;
- op ‘n ontwikkelingsgepaste wyse onderrig en leer in kodering en robotika in die Intermediêre Fase-klaskamer kan beplan deur die korrekte metodes en onderrigmodelle toe te pas;
- oor ‘n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle kreatiewe metodes kan identifiseer om ouderdomstoepaslike geïntegreerde lesse te beplan wat rekenaardenkwyses en 21ste-eeuse vaardighede sal ontwikkel; en
- tegnologie en tegnologiese kennis as ‘n gawe van God beskou wat verantwoordelik aangewend moet word op ’n wyse wat tot voordeel van die skepping strek.

**SEPE221** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Sepedi-kommunikasievlak**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor die vermoë beskik om kennis van basiese grammatika te bou en toe te pas;
- die belang van kennis en vaardighede van ander inheemse tale kan verduidelik in die veeltalige Suid-Afrikaanse gemeenskap; en
- kennis kan demonstreer (woordeskat en grammatika) met betrekking tot die onderwysomgewing.

**SEPE223** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Sepedi-kommunikasievlak**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n bewustheid ontwikkel van die multikulturele klaskamer se werklikheid en begrip toon van die aanleer van ’n Afrikataal;
- oor die vermoë beskik om die taalkennis en –vaardighede wat in die module aan die hand van spesifieke temas/onderwerpe aangeleer is sinvol en effektief in die werksomgewing aan te wend; en
- kennis van die woordeskat en basiese grammatika kan demonstreer, spesifiek binne die onderwysomgewing.

**SPED311** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Sosiopedagogiek**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende teorieë kan analiseer wat sosiopedagogiek begrond;
- die verskillende kontekste kan interpreteer wat 'n invloed op die ontwikkeling en leer van die kind het;
- die verskillende gesinsmodelle kan verduidelik waarin die kind in Suid-Afrika moontlik kan grootword;
- kan verduidelik hoe 'n gemeenskap geëvalueer word deur die multikulturele aspek in ag te neem;
- die invloed van armoede op die kind kan beoordeel;
- die effek kan analiseer van MIV/vigs op die kind, die gesin en die gemeenskap;
- geweld in skole kan ontleed;
- dwelmmisbruik krities kan bespreek;
- kan onderskei tussen verskillende wyses waarop kinders mishandel kan word; en
- die effek kan analiseer van pornografie op die kind, die gesin en die gemeenskap.

**SWET121** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vak Sosiale Wetenskappe, soos in die KABV weergegee word, kan verduidelik;
- bevoegdheid met betrekking tot kennis van geskiedenis en geografie kan demonstreer; en
- maniere identifiseer wat gebruik kan word om Sosiale Wetenskappe as vak te onderrig.

**SWET122** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vak Sosiale Wetenskappe, soos wat dit in die KABV-dokument weergegee word, kan verduidelik;
- bevoegdheid kan demonstreer ten opsigte van 'n oorsig van geskiedenis- en geografiekennis;
- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in Geografie en Geskiedenis as vakke ingesluit is; en
- die waarde van Geografie en Geskiedenis as vakke kan uitlig en die regte gesindheid kan identifiseer wat benodig word om Sosiale Wetenskappe as vak te onderrig.

**SWET211** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in die vak Geskiedenis ingesluit is;
- akademiese kennis van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die gebruik van ’n verskeidenheid van onderrigstrategieë kan motiveer; en
- die belangrikheid van historiese kennis kan beskryf met betrekking tot die holistiese ontwikkeling van die leerder.

**SWET212** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die toepassing van die spesifieke doelwitte en konsepte van Geskiedenis as vak kan demonstreer;
- akademiese kennis van Suid-Afrika se vroeë geskiedenis tot die eerste helfte van die 19de eeu kan demonstreer; en
- ‘n verskeidenheid onderrigstrategieë in die vak Geskiedenis, as deel van Sosiale Wetenskappe, kan analiseer.

**SWET221** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in die vak Geskiedenis ingesluit is;
- akademiese kennis van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die gebruik kan motiveer van ’n verskeidenheid van assesseringstrategieë; en
- die belangrikhheid kan beskryf van geografiese kennis met die oog op die holistiese ontwikkeling van die leerder.

**SWET222** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die toepassing van die spesifieke doelwitte en konsepte van geografie as dissipline kan demonstreer;
- akademiese kennis van twee subdissiplines in geografie, naamlik geomorfologie en klimatologie, kan demonstreer; en
- ‘n verskeidenheid onderrigstrategieë in geografie as dissipline, as deel van Sosiale Wetenskappe, kan analiseer.

**SWET311** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kennis van Geskiedenis en Geografie asook die onderrig en leer daarvan kan toepas tydens die beplanning vir die ontwikkeling van spesifieke vaardighede;
- akademiese kennis van relevante inhoud van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die onderrig van Geskiedenis en Geografie kan integreer in spesifieke grade op geskikte wyses met ander vakke; en
- die assessering van kennis en vaardighede kan beplan wat in die onderrigmodules vir Sosiale Wetenskappe 1, 2 en 3 ingesluit is.

**SWET312** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 3A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van geografie en onderrig en leer kan toepas om die ontwikkeling van spesifieke vaardighede te beplan;
- akademiese kennis van die subdissiplines in menslike geografie kan demonstreer; en
- die assessering van kennis en vaardighede in geografie in die Intermediêre Fase op ’n geskikte wyse kan beplan.

**SWET321** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Sosiale Wetenskappe-onderrig 3B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kennis van Geskiedenis en Geografie asook die onderrig en leer daarvan kan toepas tydens die beplanning vir die ontwikkeling van spesifieke vaardighede;
- akademiese kennis van relevante inhoud van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die onderrig van Geskiedenis en Geografie kan integreer in spesifieke grade op geskikte wyses met ander vakke; en
- die assessering van kennis en vaardighede kan beplan wat in die onderrigmodules vir Sosiale Wetenskappe 1, 2 en 3 ingesluit is.

**SWET322** | **Krediete: 6** | **NKR-vlak: 6**

### Sosiale Wetenskappe-onderrig 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van geskiedenis en onderrig en leer kan toepas om die ontwikkeling van spesifieke vaardighede te beplan;
- akademiese kennis van die geskiedenis van die wêreld kan demonstreer; en
- die assessering van kennis en vaardighede in geskiedenis in die Intermediêre Fase op ’n geskikte wyse kan beplan.

**SWET412** | **Krediete: 8** | **NKR-vlak: 7**

### Sosiale Wetenskappe-onderrig 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gepaste en betroubare onderrig- en leermateriaal vir die vak Geskiedenis in die Intermediêre Fase kan evalueer;
- die bemeestering van akademiese vakkundige kennis in die onlangse geskiedenis van Suid-Afrika (19de eeu tot tans) kan demonstreer;
- kennis van leerders se ontwikkeling kan toepas om leerprobleme en struikelblokke in Geskiedenisklasse en -lesse te kan identifiseer en daarvolgens te beplan; en
- verantwoordelike besluitnemingsvermoë kan ontwikkel ten opsigte van eie werk en praktyk.

**SWET422** | **Krediete: 8** | **NKR-vlak: 7**

### Sosiale Wetenskappe-onderrig 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gepaste en betroubare onderrig-en-leermateriaal vir die vak Geografie in die Intermediêre Fase kan evalueer;
- die bemeestering van praktiese kaartvaardighede en die toepassing van geografiese vakkennis in kaartwerk, kan demonstreer;
- kennis van leerders se ontwikkeling kan toepas om leerprobleme en struikelblokke in Geografieklasse en -lesse te kan identifiseer en daarvolgens beplan; en
- ’n verantwoordelike besluitnemingsvermoë ten opsigte van eie werk en praktyk kan ontwikkel .

**WBSL112** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Wêreldbeskouingsleer**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop "wêreldbeskouing" as konsep binne die studieveld ontwikkel het en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis kan demonstreer van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels, wat ’n begrip van die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe of simboliese tekste, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.

**WISO111** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Oriëntering tot Wiskunde-onderrig**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n begrip van basiese wiskundige konsepte, beginsels, reëls en die oplos van wiskundige probleme kan demonstreer;
- geskikte standaardmetodes, asook eie metodes om probleme op te los, kan gebruik;
- maniere kan identifiseer om Wiskunde op ’n ontwikkelingstoepaslike wyse te onderrig; en
- die vak Wiskunde kan verduidelik soos dit in die KABV-dokument voorgestel word.

**Oriëntering tot Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- insig daarin toon dat natuurwetenskappe en tegnologie by uitstek handel oor God se skepping;
- voorgeskrewe en selfgeselekteerde bronne kan raadpleeg en inligting oor wetenskap-geletterdheid en die implementering van betekenisvolle wetenskaponderrig kan selekteer, analiseer, sintetiseer, evalueer en ’n verslag daaroor skryf;
- ’n duidelike begrip kan demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot materie en materiale; en standaardmetodes, -prosedures en –tegnieke kan kies om die tegniese aspekte van struktuur en verwerkings wat verband hou met materie en materiale te ondersoek en te implementeer;
- kennis en begrip kan demonstreer ten opsigte van die heelal, die Melkweg en die sonnestelsel; en die relatiewe posisie van die Son, Aarde en Maan in die stelsel kan beskryf;
- ‘n duidelike begrip kan demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot energie en energie-oordrag; en
- ‘n duidelike begrip kan demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot lewe en lewende dinge.